# Bekende Inwoners van die Hoofstad.

Onderstaande gegewens aangaande besigheidsmense en winkels, is deur die skrywer van hierdie bydrae in die Kersfeesuitgawe van 1889 van die „Transvaal Observer" aangetref. Ou inwoners van die Hoofstad sal ongetwyfeld in staat wees om meer besonderhede te verstrek en tewens, aan die hand van die name, ou herinnerings op te haal.

As eerste advertensie in die blad, met betrekking tot Pretoria, tref ons die houthandelaar Paynton Broers aan wat in Kerkstraat (wes) gevestig was.

In Markstraat was die kruidenier E. Rasch gevestig wat in sy advertensie tee teen 2s.per pond aangebied het.

Naby die gebou van die „Natal Bank", aan Kerkplein, het o.m. argitek J. W. Leslie Simmonds gewoon, terwyl dr. Nessel se kantore in Bankstraat 1—3 gevestig was. Dr. Nessels het die skeikundige ontleding van delfstowwe uitgeoefen.

Van George Patterson, skrynwerker en boukontrakteur, is daar 'n advertensie waaruit blyk dat hy in Bureaustraat gevestig was.

Die firma Schultis Schwar was in Kerkstraat gevestig. H. Dunn en Kie., produktehandelaars, gee as hul adres „Bishop's Corner". Waar was dit? Waar die bakkery van J. L. de Lange en Kie. was, is ons ook onbekend. R. J. Holloway was 'n saalmaker, van wie die adres nie aangegee is nie.

Die eienaar van „The Fountain Mineral & Soda Water & Steam Syrup Works", 'n fabriek wat in 1883 opgerig is, was J. T. Muir.

Van Meintjes, die eienaar van die „Arcadia Mills", kom die vermelding dat die meule vir die publiek oopgestel is en dat 'n brons-medalje op die Paryse tentoonstelling van 1889 verower is.

Die firma Phillips en Kie., die aptekers, het reeds bestaan, terwyl Cairncross & Zillen, van Kerkstraat, o.m. adverteer met „gekorven Transvaal tabak, beste kwaliteit die kan verkregen worden, opgemaakt in Pakjes, Zakken, Balen of Kisten („Cut Transvaal Tobacco, best procurable quality, done up in Packets, Bags, Bales or Cases.")

In Kerkstraat was ook die firma Hobbs, Millar en Kie., terwyl op die hoek van Prinsloo- en Pretoriusstraat die „Pretoria Steam Mineral Water Works and Ice Manufactory" van G. W. Shilling was.

Onder die ander adverteerders kom voor: E. J. Loterijman en Kie., D. R. Crow en Kie., J. H. E. Bal, A. W. Baker, Kuranda en Marais, Rooth en Wessels, E. Fuchs, J. H. Dawe en Kie., C. Reck en Coleman & Rosenstein.

Die eienaar van „The Palmerston Bar", F. V. Hall, was waarskynlik digterlik van aard, want sy advertensie begin met die volgende reëls:

„There's a little Bar not far away,
Has the name of being quite O.K.
Excuse me, but I'm forced to say—
The Palmerston."

J. P.